# HUISBESOEK

*deur*

J. I. DE WET

**Inleiding.**

Die Kerkwet van die Ned. Herv. Kerk bepaal en die beroepsbrief wat die kontrak tussen predikant en gemeente is, vereis dat elke predikant huisbesoek moet doen. Daar is weinig, indien enige van die predikante wat nie huisbesoek doen nie. Daar is ook geen gemeente en haas geen gemeentelid wat huisbesoek nie in hoë agting hou nie. Só geheg is almal aan huisbesoek dat die woord „huisbesoek" in die kerklike woordeskat seker een van die bekendste en mees-gebruikte woorde is. Tog is dit net só waar dat daar 'n blomryke verskeidenheid van opvattings, vereistes en metodes onder predikante en lidmate bestaan en beoefen word.

Maar watter saak en werklikheid word met hierdie geliefkoosde woord aangedui? Wat gebeur of behoort te gebeur wanneer 'n kerklike ampsdraer huisbesoek doen omdat die kerk hom stuur om dit te doen? Op watter wyse moet so'n ampsdraer te werk gaan en watter riglyne moet hy in sy optrede volg? Wat mag van huisbesoek verwag word en wat nie?

In 'n poging om hierdie vrae te beantwoord sal dit miskien goed wees om eers negatief te sê wat huisbesoek nie is nie. Daarna moet positief gestel word wat huisbesoek wel is. Uit hierdie modus operandi kan daar dan moontlike riglyne vir die praktyk getrek word.

II. **Wat huisbesoek nie is nie.**

(a) *Huisbesoek is nie 'n wellwillendheids-besoekie nie.*

Huisbesoek mag onder geen omstandighede gesien word as 'n welwillendheidsbesoek wat die ampsdraers by die lidmate gaan aflê nie. Natuurlik moet die ampsdraer teenoor die lidmate welwillendheid openbaar maar die kerk stuur hom nie om te gaan huisbesoek doen sodat die ampsdraer sy welwillendheid teenoor die lidmate sal betoon nie. As die ampsdraer net sy belangstelling of goeie gesindheid of hulpvaardigheid aan mense betoon het, het hy nog nie huisbesoek gedoen nie. Dan het hy wel by die mense gekuier, aan hulle hulp en advies gegee, maar beslis nog nie huisbesoek afgelê nie. Dit is seker ook goed, dat, indien moontlik, die ampsdraers ook

by die gemeentelede sal kuier, maar dan moet daar goed onderskei word tussen so'n kuiertjie en huisbesoek.

Wanneer die predikant of ampsdraers van die kerk op huisbesoek uitgaan, dan gaan hulle nie uit o.g.v. hulle eie emosies of gesindhede nie. Maar hulle gaan „uitgestuur deur die Heilige Gees". (Hnd. 13). Nou spreek dit eintlik vanself, dat geen ampsdraer hierdie werk liefdeloos en onwillig na behae kan verrig nie. Dat die taak liefdevol verrig moet word, beteken egter nog glad nie dat die ampsdraer gaan om sy liefde daarmee te betoon nie.

In noue verband hiermee staan ook die gebruik om die huisbesoek as geleentheid te beskou om die mense oor alles en nog wat te adviseer vanaf die moontlike „July"-wenner tot by homopatie en tuinbeplanning. As die ampsdraer so'n deskundige oor alles is, dat hy die lidmate goeie advies kan gee, is dit uitstekend. Maar hy mag nie daarmee volstaan asof hy huisbesoek gedoen het nie. Huisbesoek is ook raadgewing. Dit is die geleentheid om die lidmate dié raad wat hulle altyd die nodigste het, nl. die raad oor die regte geloof en die regte godsdiens, te gee.

'n Ander verskynsel van dieselfde aard is dié waar die predikant, sonder om aan te klop sommer by die kombuisdeur instap, die suster so'n vriendelike knyp gee, in die kospotte kyk en as dit lekker lyk, homself vir ete uitnooi. Natuurlik is die predikant nie verhewe bo sy lidmate nie en natuurlik moet daar 'n vriendelike gemeensaamheid tussen predikant en lidmaat bestaan. Hierdie gemoedelike inval in lidmate se huise is egter geen huisbesoek nie. Dit is veeleer 'n saak waarop die Engelse spreekwoord „familiarity breeds contempt", letterlik van toepassing is.

b) *Huisbesoek is nie die blote hou van huisgodsdiens nie.*

Dit is 'n wydverbreide gebruik dat daar by huisbesoek oor alles en nog wat gepraat word. Dan word 'n stukkie uit die Bybel gelees, 'n gebed gedoen, gegroet en vertrek. Ek glo beslis nie dat dit die taak van die predikant is om dié dinge wat die lidmate se eie voorreg en plig is, uit hulle hande te neem nie. Huisbesoek is eerder die geleentheid om die lidmate te leer om self met steeds groter blydskap te lees en te bid. Om hierdie rede doen ek self dit dikwels om wanneer ek klaar gepraat het, die Bybel vir die priester van die huis te gee met die versoek dat hy die huisgodsdiens sal waarneem.

Verstaan my mooi! Ek beweer nie dat huisgodsdiens nie 'n plek het by huisbesoek nie. Wat ek wel beweer, is dat daar nog nie werklik huisbesoek gedoen is as daar net skriflesing en 'n gebed waargeneem is nie. Ek sal probeer aantoon wanneer die hou van huisgodsdiens so sinvol ingeorden is in die gebeurtenis wat ons huisbesoek noem dat daar geen gevaar bestaan dat die huisbesoek misverstaan kan word as 'n spesiale voorbidding vir 'n private groepie mense nie.

c) *Huisbesoek is nie 'n sieldeurtastende inkwisisie nie. Dit is ewe min 'n bieggeleentheid.*

Daar was 'n tyd toe die „streng" predikant met verbasende speursin en vernuf die lidmate se sondes kon ontdek en aan die mees geheime skuilhoeke van die hart kon ontworstel. Hierdie geestelike chirurgie is nog nie huisbesoek nie. Dit het wel tot gevolg dat die lidmate, die oomblik wanneer 'n predikant in die gesigsveld kom, dadelik 'n defensiewe houding aanneem. Daarom is die kinders bang vir die predikant, kruip sommige lidmate vir hom weg en moet die predikant soms twee jaar en langer worstel om die werklike mens agter die pantser te bereik. Dit is egter geen kuns om 'n mens skuldig te verklaar nie, want alle mense **is** immers skuldig voor God. Huisbesoek is iets meer. Dit moet aan die skuldige, bekommerde mense ook en veral die wonder van die regverdiging van die goddelose bring.

Nou verwant aan die inkwisisie is die bieg. In my jeugdige onkunde het ek ook gedink dat die predikant so'n swygsame vertrouewekkende biegvader moet wes. Wat was my ontnugtering groot toe ek ontdek, dat daar mense is, wat as hulle eers ontdek het dat die predikant homself beskikbaar stel om te luister na hulle biegpraatjies, opsetlik gaan kwaad doen net om dit by die predikant te kan kom bieg.

Dit gebeur egter wel soms dat 'n lidmaat, na goeie en grondige huisbesoek, die predikant in sy vertroue neem. Daarmee is niks verkeerd nie. Maar die predikant moet so-iets nooit opsetlik soek nie en wanneer dit gebeur moet die predikant hom ten alle koste daarvan weerhou om dan, op watter wyse ookal, 'n absolusie uit te spreek. Ek noem die volgende ter oorweging :- Die hele toestand van ons gemeentes vandag is, as 'n mens die saak op die keper beskou, niks anders as dié skietgebed : „ . . . leer ons bid".

As 'n lidmaat die predikant in sy vertroue geneem het of

al het hy dit ook nie gedoen nie, dan moet goeie huisbesoek die lidmate plaas op die pad van die gebed. Want goeie huisbesoek vestig nie die lidmaat se vertroue op die predikant nie, maar moet verby die predikant na die Here Christus toe lei. Die lidmaat kan werklik eers dan sy hart uitpraat as hy sy hart, nie met sy predikant nie, maar met sy God uitpraat.

As die predikant met huisbesoek geestelike chirurgie beoefen en sodoende die bieg van die lidmate soek, dan doen hy nie huisbesoek nie, maar dan is hy besig om die rol van usurpator te vervul.

d) *Die huisbesoek is nie oorbodig nie en ook nie 'n plaasvervanger van die ander gestaltes van die verkondiging nie.*

Dit kan sondermeer as 'n feit gekonstateer word, dat daar geweldig baie huisbesoeke gedoen word. Jaar na jaar trek die predikante van huis tot huis en van lidmaat tot lidmaat. Skynbaar sonder enige gevolg, want ondanks die baie huisbesoek bedra die bywoning van eredienste sowat 19% gemiddeld in ons Kerk. Hierdie feit laat vrae ontstaan.

'n Paar jaar gelede het een van ons predikante aan my gesê dat hy nie meer huisbesoek doen nie, want of hy huisbesoek doen of nie doen nie, bly die kerkgang en offerbereidheid van sy gemeente ewe swak. Op grond daarvan het hy toe besluit dat huisbesoek oorbodig is en dit toe nagelaat. Volkome korrek het die broeder ingesien dat daar een of ander verband tussen huisbesoek en prediking behoort te wees. Toe die verband vir hom nie duidelik geword het nie, het hy egter verkeerdelik besluit, dat daar geen verband is nie en huisbesoek toe as oorbodig afgeskryf. Wat hy wel moes gedoen het, was om vir homself die vraag te stel of hy reg preek en reg huisbesoek doen, want as hy albei reg gedoen het sou die verband daartussen vir hom duidelik geword het.

Die ander uiterste is die waar die huisbesoek eintlik baie hoër as die ander verkondigingsgestaltes aangeslaan word en uiteindelik die ander gestaltes verplaas en vervang. Die verskynsel kom dikwels voor dat die predikant van vroeg tot laat van huis tot huis rondjaag en hom liggaamlik en geestelik met baie besoeke vermoei en dit dan tog nie so nou neem met die prediking nie en uiteindelik die prediking laat skade ly ten gunste van die huisbesoek!

Die kerklike verhouding is 'n organiese geheel wat alleen

dan tot sy reg kom wanneer elke saamstellende element reg in die samehang van die geheel ingeorden is, en binne sy samehang met die geheel, beoefen word. Geen element mag ten koste van die ander uit verband geruk word nie, want dan word die hele verkondiging tot groot skade aan die gemeente skeefgetrek.

III **Wat Huisbesoek wel is.**

Dit het nou nodig geword om kortliks te probeer aantoon wat huisbesoek dan wel is.

a) *Huisbesoek is 'n gestalte van die kerklike verkondiging* :-

Dat huisbesoek só verstaan moet word, word duidelik uit bv. Hand. 20:20 waar Paulus verklaar dat hy alles wat nuttig is deur verkondiging en onderrig in die openbaar en in die huise aan die Efesiërs oorgedra het. En omdat huisbesoek verkondiging is, kan ons verkondiging vir die doeleindes van ons gesprek soos volg definieer: Verkondiging is uitleg van die Skrif met betrekking tot die Persoon, woord en daad van Jesus Christus en die toepassing daarvan sowel in die algemeen as in die besonder. Dit is oproep tot geloof in Jesus Christus o.g.v. die Skrifte. En omdat die huisbesoek verkondiging is aan die enkeling of enkele huisgesin, kan ons sê dat dit by wyse van 'n direkte gesprek gerig is tot 'n bepaalde persoon of huisgesin.

As sodanig is die huisbesoek 'n deel van die kerk se didaktiese werksaamheid. Paulus praat van „onderrig". Trouens die predikant word nie sonder goeie rede 'n leraar genoem nie. Dit is sinvol om in hierdie verband daarop te wys dat „didaskein" in die Nuwe Testament die betekenis het van sistematiese, nadere uitleg van die gehoorde evangelie. As didaktiese werksaamheid van die kerk, is die huisbesoek die nadere verklaring van die verborgenhede van die geloof. Dit is 'n hulpdiens waarmee die kerk sy lidmate wil help om hulle eie belydenis van geloof reg te verstaan en reg uit te lewe.

b) *Terselfdertyd is die huisbesoek nasorg en voorsorg.*

Soos reeds aangedui, is die huisbesoek gemoeid met die sistematiese, nadere verklaring van die gehoorde evangelie. Hieruit word duidelik dat die huisbesoek t.o.v. evangelisasie, kategese en prediking 'n voortsettingstaak het. Dit moet nl. daarvoor sorg dat diegene wat deur kategese en geloofsbelydenis tot kerklike mondigheid gekom het ook inderdaad kerklik mondig sal lewe. Dit moet daarvoor sorg dat diegene wat onder die pre-

diking en in die erediens verkeer het, die opbouïng deur die prediking volle gestalte in hulle lewe sal laat verkry. In die lig hiervan was die pleidooi vir voortgesette kategese van ds. J. G. M. Dreyre in 'n onlangse hoofartikel van die Hervormer werklik verblydend. Dit alleen is egter nie genoeg nie. Iets wat beslis in die kerk moet inkom, is huisbesoek as onderrigtende nasorg ook na doops- en huweliksplegtighede. Ek is oortuig daarvan dat as die kerk die huisbesoek se nasorgtaak werklik raaksien, dat die kerk dan nie meer tevrede sal wees met net die één formele besoek per jaar nie, maar wel sal insien dat in bepaalde gevalle die één formele besoek met opvolgbesoeke voortgesit sal moet word soos b.v. in geval van doopouers, jongmense wat pas belydenis gedoen het, pas getroud, besondere probleme wat met huisbesoek na vore kom en by allerlei maatskaplik tipeerbares.

Uit wat tot hiertoe gesê is, is dit duidelik dat die huisbesoek nie net nasorg is of kan wees nie. Want terwyl die huisbesoek nasorg by die ander verkondigingsgestaltes doen, verrig dit terselfdertyd ook voorsorg vir die ander gestaltes. Die huisbesoek moet daarvoor sorg dat die evangelie wat eenmaal gehoor is, weer gehoor sal word, dat onderrig wat eenmaal ontvang is, steeds lewende „kennis" tot gevolg sal hê en dat die belydenis wat eenmaal afgelê is, steeds werklik en van harte uitgeleef sal word.

c) *Huisbesoek is ook opsig en word waar nodig tug.*

In Handelinge 15:36 lees ons: „En 'n paar dae daarna het Paulus vir Barnabas gesê: Laat ons terruggaan en ons broeders besoek in al die stede waarin ons die woord van die Here verkondig het, **om te sien hoe dit met hulle gaan"!** Dis onnodig om te sê dat Paulus hier getuienis aflê van die noodsaaklikheid van nasorg wat ook voorsorg is. Want wat hierdie „sien hoe dit met hulle gaan" beteken, lees ons in Hnd. 16:4: „En op hulle reis deur die stede, het hulle die verordeninge wat in Jerusalem vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou".

Met ander woorde nasorg het voorsorg verrig deur die lewensordening van die gemeente. En hierdie lewensordening van die gemeente is noodsaaklik gesien in die lig van die feit dat niemand op willekeurige wyse kan glo of die Here kan dien nie.

En juis i.v.m. hierdie ordening van die lewe van die gemeente vervul die opsig en die tug hulle onmisbare funksie in die kerk. Maar dit moet duidelik verstaan word dat opsig en tug nie los appendices van die kerklike verkondiging is nie.

Huisbesoek wat goed en reg gedoen word, is as woordverkondiging d.w.s. as onderrigtende nasorg wat voorsorg tref vir die ongehinderde voortgang van die evangelie, opsighouding en tug. Anders gsê : Die kerk kan eers dan werklik opsig hou en met 'n skoon gewete tug oefen as sy huisbesoek werklik huisbesoek is.

[Terloops : Die gebrekkige kennis aangaande die Kerkwet in ons gemeentes hinder my altyd. Hoe is dit moontlik dat die Kerkwet, wat die kerk se poging is om die lewe van die gemeente ooreenkomstig Gods Woord in lyn met die kerklike konfessie te reël, so onbekend is, as die verordeninge wat deur „apostels en ouderlinge vasgestel is" wel aan die gemeentes oorgegee word om te onderhou?]

d) 'n Mens hoor dikwels die opmerking dat 'n predikant eers werklik kan huisbesoek doen as hy die lidmate van sy gemeente ken. Dit is natuurlik waar dat die predikant, namate hy die lidmate beter leer ken, ook die besondere agtergrond, lewensvrae en moontlikhede van elke lidmaat en huisgesin beter leer begryp. Hy sal natuurlik dan tydens sy besoeke sy aandag meer op die besondere geval kan toespits. Maar nou lê hier juis 'n belangrike aspek wat ek graag dik wil onderstreep.

Huisbesoek soos ek dit hierbo beskrywe het, is 'n geleentheid tot gewone woordbediening aan gewone lidmate van gewone gemeentes. Hierdie gewone woordbediening aan gewone mense woord eers naderhand besondere sorg aan besondere gevalle. Daarom lyk dit vir my nodig om te onderskei tussen huisbesoek en besondere pastorale sorg wat wel verband hou en ten nouste saamhang met die nasorgkarakter van die huisbesoek.

In die lig hiervan is dit onsinnig om te sê dat daar nie eintlik huisbesoek gedoen kan word alvorens die predikant nie 'n bepaalde kennis van die mense by wie hy huisbesoek moet doen, opgebou het nie. Dit spreek immers vanself dat die evangelieboodskap nie afhanklik kan wees van die predikant se kennis van die huisbesoek-objekte nie. Daar dien verder daarop gelet te word dat daar gelukkig meer lidmate in elke gemeente is wat geen besondere probleme het nie, as diegene wat wel besonder moeilikhede ondervind. As dit waar is dat huisbesoek die werk van die ander verkondigingsgestaltes voortsit as 'n onderrigtende voorsorg vir die ongehinderde voortgang van die evangelie, dan spreek dit eintlik vanself dat hierdie dienswerk

nougeset verrig moet word aan diegene wat nog nie besondere probleme het nie, juis ter voorkoming van sulke besondere probleme. Dit is my oorwoë opinie, dat baie besondere probleme juis ontstaan het omdat die gewone onderrigtende voor- en nasorg van die huisbesoek van gewone lidmate weerhou is of deur een of ander mooilykende plaasvervanger vervang is.

Verder moet opgemerk word, dat die opvatting dat 'n predikant werklik kan huisbesoek doen as hy die lidmate eers goed ken, op 'n verkeerde teologiese uitgangspunt berus. Dit berus m.i. op die verkeerde opvatting dat daar in die mens 'n aanknopingspunt vir die evangelie is. As die predikant eers huisbesoek kan doen, as hy die lidmate goed ken, dan beteken dit dat hy eers kan huisbesoek doen as hy die s.g. „aanknopingspunt", wat in die mense se besondere lewenssituasie, lewensvrae of lewensmoontlikhede geleë sou wees, ontdek het. Indien hy nie daarin kan slaag om tot die spesifieke situasie van elke mens deur te dring nie, kan hy gevolglik ook nooit werklik huisbesoek doen nie. Verder, as hy nog nie só tot sy lidmaat deurgedring het nie, dan trek hy op sy huisbesoek uit sonder om te weet waar hy sal kom! Hierdie probeer-en-tref of wag-en-kyk-wat-gebeur-metode tref ná my oortuiging nooit 'n doel nie. Dit is beslis verhelderend om in hierdie verband daarop te let dat die w.w. hamartanein oorspronklik beteken het dat die doel nie getref word nie. Daarom is ek van oordeel dat alle probeer-en-tref of wag-en-kyk-wat-gebeur huisbesoek ook as sonde gekwalifiseer moet word.

Dit moet bo alle twyfel gestel word, dat die evangelie nie afhanklik is van 'n aankondigingspunt in die mens nie, maar sy eie aanknopingspunt skep as hy reg verkondig word. Omdat die evangelie in homself sinvol is en voorspoedig is waartoe hy gestuur word, **kan** hy nie deur 'n probeer-en-tref of wag-en-kyk-wat-gebeur metode gedien word nie. Juis daarom wil die evangelie ook deur die huisbesoek doel-bewus en doel-gerig bedien word.

Samevattend kan ons sê dat huisbesoek 'n gestalte van die verkondiging is wat alleen sinvol is as dit reg gedoen word.

### III. **Riglyne vir die praktyk.**

Vooraf wil ek graag sê dat, wat my persoonlik betref, die feit dat die kerklike praktyk deur die teologiese principia bepaal moet word, ten alle tye as 'n aksioma moet geld. 'n Kerklike praktyk wat vér en vreemd van die teologiese principia

staan, al is dit ook hoe goed in ander gronde gevestig, kan nooit reg wees nie, kan nooit die geloof versterk en die gemeente opbou nie. Dit kan besmoontlik allerlei ander doelstellings tref, maar dit waartoe dit gestuur is sal onaangeroer verbygegaan word. Daarom wil ek nou probeer om vanuit die teologiese principia 'n paar groot riglyne vir die praktyk te trek.

Voordat ek hiermee begin is dit egter ook nodig om daarop te wys dat die Here God mense in sy diens gebruik — gewone mense met elkeen sy eie persoonlike hoedanighede, talente en vermoëns. Daarom sal ek nie op wetties-casuïstiese wyse probeer om tot in die fynste besonderhede selfs elke gebaar in 'n wetsvoorskrif vas te vang nie. Die persoonlik-kenmerkende van elke huisbesoeker moet liewer diensbaar gemaak word aan 'n sinvolle werkwyse waarin elke huisbsoeker homself eers moet tuismaak voordat hy ander sinvol kan benader.

a) *Wat nodig is* voordat *die akte van huisbesoek verrig moet word.*

Dat huisbesoek woordverkondiging is, is die bepalende. Vir die woordverkondiging is daar onvermydelik 'n bepaalde toerusting nodig nl.

1) **Opleiding.** Vir die predikant is sy hele teologiese opleiding nodig voordat hy kan gaan huisbesoek doen, want dit is sy wapentuig of werksgereedskap wat nodig is om hierdie werk te kan doen. Na die oortuiging van ons kerk is die teologiese opleiding die apparaat wat die predikant nodig het om reg te kan verkondig d.w.s. om die Skrif reg m.b.t. Jesus Christus se persoon met woord en daad te kan uitlê en in lyn met Sy eie bedoeling te kan toepas.

Nou is dit verstommend om te sien hoe absoluut agteloos die hele teologiese toerusting wanneer dit by huisbesoek kom, deur die predikante by die huis vergeet kan word. Dat dit egter nie mag gebeur nie word duidelik as ons die volgende voorvereiste vir sinvollle huisbesoek nader betrag. nl.:

2) **Voorbereiding:** Met voorbereiding bedoel ons iets heeltemaal anders as wat in metodistiese kringe daaronder verstaan word. Die metodiste bedoel daarmee dat die predikant deur so 'n klein stiltetydjie homself in die regte gemoedstoestand moet bring. Vanselfsprekend moet die predikant ook sy huisbesoek biddend doen. Maar omdat huisbesoek nie die hou van 'n gemoedelike praatjie of die opwek van 'n bepaalde gemoedstoestand by die lidmate is nie, maar die oordrag van die evan-

gelieboodskap, moet die predikant nie net bid nie, maar hom werklik **voorberei** vir daardie werk. Hy moet nie op besoek uittrek en wag om te sien wat daardie besoek sal **oplewer** nie. Hy moet doelbewus gaan om by die huise waar hy kom die boodskap wat hy dra te gaan **aflewer**! Daarom word hy na die huise toe gestuur. En hy het niks om daar af te lewer as hy dit nie eers ontvang het nie. En hy ontvang die boodskap nie anders as deur „ondersoek en navorsing na wat die bedoeling van die Gees in die Skrifte" is nie (I Pet. 1 : 10 & 11). Vir hierdie ondersoek en navorsing is die predikant se teologiese toerusting 'n onontbeerlike instrument. Dit geld dus om die huisbesoek net so seer as van die prediking dat onvoorbereide huisbesoek sonde is. Die predikant wat nie studeer nie **is nie** bekeer nie.

Nou wil ek twee harde dinge sê : (i) Dit is na my mening lasterlike pligsontduiking as 'n predikant by huisbesoek die Bybel oopslaan en enige toevallige perikoop lees as hy nie vooraf by sy huis daardie Bybel oopgeslaan het en pligsgetrou ondersoek en nagevors het na die bedoeling van die Gees in daardie perikoop, sodat hy dit ook aan die lidmate wat aan sy sorg toevertrou is, kan sê nie. Die predikant se werk is nie net om vir die mense die Skrif te lees nie, maar hy moet soos Filippus vir die kamerling vra : Verstaan jy wat jy lees ? en soos Filippus met deernis luister na die nood van die man voor hom : Hoe kan ek as niemand dit vir my uitlê nie? en dan net soos Filippus „van daardie Skrif af begin en vir hom die evangelie van Jesus verkondig" (Hnd. 8 v.g.l. Luk 24). As hierdie dinge so is — en dit is so — dan is daardie huisgodsdiensie waaraan geen voorbereiding vooraf gegaan het nie mos werklike pligsontduiking en dit boonop met die Bybel in die hand !

(ii) Die tweede saak wat ek hier wil noem is die feit dat as gevolg van 'n ontbrekende voorbereiding daar allerlei handige surrogate gevind word om in die plek van egte huisbesoek as woordbediening te stel. Een hiervan is die genadelose uittrappery van lidmate oor sake waaroor hulle nooit behoorlik ingelig is nie. So word die afwesigheid van die evangelieboodskap wat afgelewer moet word, sorgvuldig verberg. Die ander uiterste is waar die mens met sulke pragtige stembuigings en mooi koergeluidjies en strelende woordjies só om die bos gelei word, dat hulle nooit agterkom dat hulle nie lewensbrood ontvang nie, maar kaf gevoer word en dit boonop ewe behaaglik eet ook nog !

Ek glo dat dit nou ook nie meer nodig is om nog iets meer

te sê oor die sinvolle ingeordentheid van skriflesings tydens huisbesoek nie.

Nog 'n saak in verband met die voorbereiding vir huisbesoek moet hier genoem word. Dit is wat ek graag wil noem die parakletiese gehalte van die huisbesoek en geld veral die ouderling. Hy moet ook huisbesoek doen en hy het nie 'n teologiese skoling nie. Daarom kan dit nie redelikerwyse van hom verwag word, dat hy soos die predikant die Skrif moet uitlê en die gehoorde evangelie sistematies nader moet verklaar nie. Tog is hy nie sonder toerusting nie. Net vir sy toerusting is hy afhanklik van sy predikant. Die ouderling moet nl. vanuit die toerusting in die erediens en vanuit die opbouing in die huisbesoek toegerus word met 'n troos wat hom in staat stel om die lidmate te vermaan en te bemoedig. Daarom kan 'n ouderling wat nie getrou in die erediens kom nie, beslis nie sinvol huisbesoek doen nie.

3) **Beplanning :-** Die evangelie wat in die huisbesoek verkondig moet word, is 'n sinvolle geheel. Bowendien is dit nodig dat niks van wat nuttig is van die gemeente teruggehou mag word nie. Dit moet as nasorg by wat ontvang is en as voorsorg vir wat nog ontvang moet word, as die „hele raad van God" aan die gemeente oorgedra word. Daarvoor is beplanning nodig. Die beplanning van die huisbesoek moet parallel loop met die beplanning van die prediking, sodat die nodige wisselwerking tussen prediking en huisbesoek sy rol in die gemeente sal kan speel.

Ek noem die volgende skema as 'n voorbeeld van wat met beplanning bedoel word. Daar is egter ook ander moontlikhede en ander skemas moontlik. Die drie vrae van die openbare geloofbelydenis word as uitgangspunt geneem vir hierdie skema. Dan word die volgende gesprekstemas aan die orde gestel :

1) *Na aanleiding van die eerste vraag* :

a) Wat is geloof ?
b) Waar kom geloof vandaan ?
c) Waarom sola fide ?
d) Is openbare geloofsbelydenis nodig ? Watter belydenisse en belydenisskrifte het die kerk ?
e) Wat is die Bybel ?
f) Wat is prediking en sakramentsbediening ?
g) Wat is 'n erediens ?
h) Wat is die betekenis van elke element in die erediens ?

i) Wat is die samehang tussen erediens en huisgodsdiens?

2) *Na aanleiding van vraag twee*: L L LL

a) Wat is wedergeboorte?
b) Wat is bekering?
c) Ons bekering is die onderhouding van ons daaglikse godsdiens.
d) Is godsdiens bloot 'n saak van gevoel of moet ons die Here ook wil dien? en watter rol moet ons verstand in ons godsdiens speel?

3) *Na aanleiding van vraag drie*:

a) Wat is die kerk?
b) Wie behoort aan die kerk?
c) Wat is die verskil tussen kerk en sekte?
d) Wat is die verhouding tussen ons kerk en die koninkryk?
e) Wat is die verband tussen geloof en kerk?
f) Wat is opsig en tug?
g) Wat is die plek en taak van ampte en ampsdraers in die kerk?
h) Wat is die taak van die gewone lidmate?
i) Wat is die Kerkwet? en waarom het die kerk 'n Kerkwet?
j) Wat is offergawes en waarom moet dit gegee word.
k) Wat is attestaat en bewys van lidmaatskap?

Dit beteken dus dat die huisbesoeker nie sommer willekeurig enige perikoop bloot a.g.v. persoonlike voorliefde gaan voorberei nie, maar wel dat met die sinvolle samehang en geheel van die Bybelse boodskap rekening gehou moet word. Dit voer ons na die volgende voorvereiste nl.

4) **Kontinuiteit:**

Die beplanning van en instudering in die gesprekstemas van die huisbesoek moet sodanig wees dat daar 'n deurlopende lyn in die werk van die predikant is. Trouens hierdie kontinuïteit word noodsaaklik gemaak deur die evangelie self en deur die feit dat huisbesoek nasorg en voorsorg wil wees.

['n Praktiese wenk! Die gebruik van 'n huisbesoekboek of -kaarte waarop noukeuige aantekening gemaak word van gesprekke tydens huisbesoek is 'n groot hulp om kontinuïteit te verseker!].

b) *Die Huisbesoekgesprekke self.*

Hieroor kan nou eintlik baie kort gehandel word.

1) **Die struktuur van die gesprek.** Gesien die feit dat huisbesoek verkondiging is, is dit eintlik vanselfsprekend dat die predikant die tema van die gesprekke sal aankondig en self die gesprek sal inlei met verduideliking van die saak wat hy wil bespreek. Hierdie inleiding moet nie 'n poging wees om die lidmate met die meerdere kennis en bestudeerdheid van die predikant te verpletter nie. Dit moet inderdaad inlei en sodoende 'n kerklikgodsdienstige gesprek tussen predikant en lidmaat aanvaar en moontlik maak.

2) Juis hiervoor is voorbereiding so noodsaaklik, want al na gelang die toestand van voorbereidheid, sal die gesprek aan duidelikheid en krag wen of verloor.

3) Daar moet ook rekening gehou word met die basiese beginsels van die gesprekvoering. Die inleier moet in elk geval so praat dat dit die gespreksgenoot tot deelname aan die gesprek uitnooi en nie tot verset provokeer nie. Die inleier moet hoor wat die gespreksgenoot sê en op sy vrae antwoord. As die predikant werklik die lidmaat deur sy gesprek tot 'n verantwoordelike meelewe in die kerk wil lei dan sal hy noodwendigerwyse heeltemaal eerlik moet wees en as daar vir hom iets gevra word wat hyself nie weet nie, moet hy eerder as om met kunsgrepe 'n antwoord te probeer vermy, reguit sê hy weet nie. Maar dan is dit noodsaaklik dat hy belowe om uit te vind en so gou moontlik sy belofte gestand doen. Iets wat as 'n onvergeeflike sonde beskou moet word, is elke poging om 'n lidmaat voor sy gesin belaglik te probeer maak as hy 'n dom vraag gevra het. Selfs kunsmatige vrae moet met die grootste geduld en sonder 'n sweem van spot beantwoord word! En les bes: moet tog nooit lank en vervelig met 'n ydele herhaling van woorde 'n alleenspraak hou nie. Veral die predikant wat so 'n hoë woord moet bring, moet beslis die gebruik van kommas en punte ken en hulle bestaan eerbiedig!

4) Miskien sal dit goed wees om hier net enkele opmerkings oor die besondere pastorale sorg te maak. Hierdie besondere sorg word gewoonlik of meestal nodig gemaak in gevalle waar daar sielkundige afwykings voorkom wat tot maatskaplike tipeerbaarheid aanleiding gee. Die predikant is nie 'n psigiater nie en huisbesoek is nie 'n psigoterapeutiese kuur nie. Tog moet die predikant soveel mensekennis hê, dat hy sulke tipes kan uitken en as hy self nie weet hoe om met hulle om te gaan nie, deskundige hulp kan verkry of waar nodig die lidmaat na

sulke deskundige hulp kan verwys. Dog dit moet baie goed verstaan word dat sulke periferiese werk nog nie die huisbesoektaak afmaak nie. Die pastor moet die begrip van die situasie aan elke mens in sy nood, die tug en troos van die evangelie bedien. Miskien kan 'n kerklike psigiatriese instituut tog baie help om die hantering van sulke tipeerbare mense te verbeter.

Hierbenewens is daar ook nog altyd diegene wat nie sielkundige gevalle is en wat tog besondere sorg verg. Die predikant mag nooit vergeet dat ook sulke mense aan sy besondere pastorale sorg opgedra is nie.

Ten slotte moet ons van die kerklike godsdienstige gesprek nog dit sê : Die gesprek moet so gevoer word dat dit telkens opnuut die moontlikheid kan inhou dat die Heilige Gees dit kan gebruik tot stigting en versterking van die geloof. Slegs dan was dit goed gedoen.

## IV. Wat mag die predikant van sy huisbesoek verwag ?

Hy mag, as hy gewetensgetrou sy huisbesoek as woordbediening verrig het, glo dat die Heilige Gees dit kan gebruik tot opbou van die gemeente, maar dan moet hy ook bereid wees om te wag dat die Heer van die kerk op Sy tyd die wasdom gee. En as die wasdom kom, dan is dit nie verdienste, maar genade en daarom rede tot blye dankbaarheid.

Daar is egter ook nog die dinge wat die predikant **nie** van sy huisbesoek mag verwag nie. As hy hoop om 'n ryke oes aan populariteit en aansien vir homself met sy huisbesoek in te samel, dan moet hy weet dat die Bybelwoord : Voorwaar hy het sy loon weg !, onverkort ook vir hom geld.

Dit is natuurlik waar dat 'n reggeaarde gemeente 'n reggeaarde evangeliedienaar in hoë agting hou as hy sy amp en plig getrou en tot Gods eer verrig. Maar dit is heeltemaal anders as die goedkoop vulgêre populariteit wat deur goedkoop vulgêre kunsgrepe op die gemeente en vergrype teen sy amp verkry word.

Die evangelie wat in die huisbesoek bedien word is meestal vir die natuurlike mens 'n aanstoot. Daarom is dit vir my in elk geval duidelik dat mense net rasend opgewonde raak oor 'n predikant, omdat hy nie goed en reg huisbesoek gedoen het nie.